

## **'n Tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk...!**

Prediker 3:7a

Donderdag 11 Maart 2021

**1983 vert Pred 3:6** '83 - "'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk ...'"

'53 - "'n tyd om te om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk,

**Bron:** Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.95-99

**'n Tyd om te skeur!** Om hierdie beeld te verstaan moet ons teruggaan na die Bybelse tyd toe. "Die Jode het hul klere geskeur as teken van berou. Maar mettertyd het die skeur van die klere net 'n uiterlike daad geword. Die Jode het hulle klere geskeur sodat ander kan sien hulle het berou oor hul sondes en hoe vroom en toegewyd hulle is. Hulle het dus op dié manier eintlik vas misbruik om te spog met hul toewyding aan die Here. So alles was net uiterlike vertoon!" (*Morkel J. NGKerk Eike Kuilsrivier*)

Gewoonlik het hulle nie al hulle klere geskeur nie, maar net die kraag. Dan kon almal sien daar is fout, iemand treur of rou of is kwaad. Ons lees in **Gen 44:13** "Toe skeur hulle hulle klere." Dit was Josef se broers wat hulle klere geskeur het toe die silwerbeker van Josef in Benjaming se sak gekry is. Hulle het geweet hulle pa Jakob sou dit nie oorleef as Benjamin in die tronk in Egipte was nie.

Om jou klere te skeur, was ook 'n teken van verontwaardiging. In **Mat 26:65** lees ons dat toe Jesus erken het dat Hy die Christus, die Seun van God is, het die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere geskeur en gesê: "Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor."

Maar in **Joël 2:12,13** lees ons dat die Here sê dat die volk nie hulle klere moet skeur nie, maar hulle harte moet skeur. Dit beteken hulle moet opreg berou van binne hê. Daar moet berou wees as jy gesondig het, as jy van die Here af weggedraai het. Skeur jou hart, maw bely jou sondes, pleit by God vir genade, vra vergifnis, doen dit in jou binneste, doen dit as huisgesin, doen dit as gemeente, doen dit as kerk van God. Tye van swaarkry en beproewing is dikwels die gevolg van ons onverskilligheid teenoor God en sy gebod. Daarom moet ons by wyse van spreke ons klere skeur, berou hê voor God.

**Die Voorhangsel word geskeur.** Die voorhangsel van die tempel was al die jare die teken van God se absolute heiligheid en niemand behalwe die Hoëpriester mag een maal 'n jaar daar ingegaan het. (*Lev 16:1-34*) Hierdie swaar gordyn het die volk herinner aan hulle sondes wat gemaak het dat daar 'n skeiding tussen hulle en God was. God was ontoeganklik vir die gewone Jood. God het self die gordyn van bo na onder geskeur. Deur Jesus Christus is daar nou vrye toegang tot God. Enige-een kan en mag bid tot God. Deur Jesus Christus, gelei deur die Woord en Gees is die pad na God oop.

**'n Tyd om toe te werk!** Juis deurdad die **Voorhangsel geskeur het**, het die tyd gekom om nie meer ons klere te skeur nie. Intendeel, ons moet ons harte skeur. Ons moet berou toon deur gebed en 'n nuwe lewe in en deur Jesus Christus. Ons skeur nie meer klere nie, maar ons toon ons liefde teenoor God deur uit dankbaarheid Hom te aanbid. Om daarom jou liefde teenoor God en jou medemens te betoon is om jou klere toe te werk. **Jak 2:18** "Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die daad." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder daad is, en ek sal jou my geloof wys uit my daad."

(*Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595*)